

27 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12

Fokusgedeelte: Jakobus 3:3

Jou tong het groot mag – laat jou woorde daarom volgens God se wil wees

Jou tong is 'n klein liggaamsdeeltjie en tog het dit groot mag. Dit is soos 'n stang in 'n perd se bek. Al is die stang klein in vergelyking met die perd, kan dit hierdie kragtige, gespierde dier in toom hou. Die stang stuur die perd waarheen dit moet gaan en nie moet gaan nie.

Woorde kan mense in die regte rigting stuur, maar dit kan mense ook in die verkeerde rigting stuur. Woorde kan mense motiveer, maar dit kan mense ook demotiveer. Woorde kan mense met mekaar versoen, maar dit kan mense ook uitmekaar skeur. Woorde kan mense opbou, maar dit kan mense ook breek.

'n Stang op sy eie kan nie beheer oor 'n perd uitoefen nie. Iemand (die ruiter) moet die leisels vashou. Net so tree geen tong op sy eie op nie. Iemand gebruik daardie tong. Geen mens kan egter die tong tem nie. Daarom moet God beheer oor ons tong oorneem. Hy doen dit deur sy Gees wat in ons woon. Daardeur gee Hy as 't ware vir hierdie stang 'n toom, sodat dit aan God gehoorsaam is en sy mag volgens God se wil uitoefen.

Wanneer jou tong deur die Heilige Gees beheer word, praat jy dit wat God se woorde is. Jy neem God se Woord op jou tong, die Woord wat van die woorde, werke en wonders van God getuig. Hierdie Woord kan die wildste en rofste mens tem en inbreek. Dit kan 'n mens se hele lewe stuur en wys waarheen jy moet gaan. Dit kan 'n kragtige instrument in diens van God en sy koninkryk wees.

Laat die woorde, werke en wonders van God jou woorde bepaal om daardeur (soos 'n stang 'n perd stuur) mense tot gehoorsaamheid te lei, volgens God se wil.

Sing: Psalm 19-1:7

Ds. JL van der Schyff (Welkom-Noord)